# MONTANAPARK SELGROEP, WOENSDAG, 30 OKTOBER 2024

## DIE EERSTE KERK SE MODEL IS VANDAG NET SO RELEVANT AS DESTYDS

Dit wat ons vandag “kerk” noem is baie verskillend van die oorspronklike model wat Jesus Christus vir ons in gedagte gehad het. Kom ons kyk ‘n bietjie hoe dit aanvanklik was. Ons leer in Handelinge 2 dat die eerste Kerk sy ontstaan gehad het na die eerste bekeerdes op die dag van Pinkster. Lees eers Handelinge 1 en 2 as agtergrond en spesifiek Hand 2:37-47 voordat jy verder gaan.

Hierdie eerste bekeerdes het uit verskillende groepe bestaan – Jode sowel as heidene (Hand 2:4 en 8). Die eerste bekeerdes was ‘n groep van ongeveer 3000 (vers 41). Hierdie mense kon nie in die sinagoge byeenkom nie en daar was beslis nie lokale wat so baie mense kon huisves nie. Die enigste oplossing was om in huise bymekaar te kom, soos ons dikwels in Handelinge lees (2:46; 5:42; 10:17; 10:22; 11:3; 11:11; ev.) Wat egter baie belangrik was, was dit wat in hierdie huise gebeur het. Lukas beskryf dit vir ons as volg, en let op die vier elemente soos dit in hierdie teks voorkom.

> 42En hulle het volhard **in die leer van die apostels** en **in die gemeenskap** en **in die breking van die brood** en **in die gebede**. – **Handelinge 2:42**

### Leerstelling (Doktrine)

Ons sien dat die pasbekeerdes standvastig in die apostels se leer volhard het. Hierdie leer is nie deur ‘n kerk aan die apostels geleer nie, maar deur Jesus Christus self. Die apostels was die eerste ontvangers van die leer van Christus toe hulle nog Sy dissipels was, en Hy het die voorbeeld gestel. Daar was dus geen afgewaterde leerstelling wat kon verander het as gevolg van mense se opinies nie.

Jy moet die Woord reg sny, volgens Paulus se opdrag aan Timótheüs in 2 Timótheüs 3:15, om die leerstelling van Christus te identifiseer en dit te onderskei van die valse leerstelling van die wêreld wat Christus se leer geïnfiltreer het. Die probleem is dat ons moderne kerke so baie fokus op vertoon dat suiwer doktrine nie meer geleer word nie en ook nie meer verduur word nie. Sien 2 Timótheüs 4:3.

### Gemeenskap

Die tweede aspek van Handelinge 2:42 en 46 na dié van leerstelling is gemeenskap. Die mens was nog nooit bedoel om in isolasie te lewe nie, en dit is selfs meer waar vir die Kerk. Gemeenskap word as noodsaaklik geag, en dit behels om kwaliteit tyd saam met ander gelowiges deur te bring.

### Breek van brood

Om brood te breek beteken eenvoudig om 'n maaltyd saam te geniet. Dit is deel van die gemeenskap hierbo genoem. In die eerste eeuse kerk het dit moontlik nagmaal ingesluit, maar op grond van die voorbeeld wat Jesus in Mattheüs 26:26 gestel het, was nagmaal ‘n natuurlike deel van die maaltyd.

### Gebed

Gebed is ‘n belangrike deel van 'n Christen se lewe en tydens elke byeenkoms wat ons het, moet tyd hieraan gewy word. Dit is die rede waarom ons selgroep weekliks byeenkom, en daarmee sal volhou. Kom ons maak erns hiermee vanaand. Skryf jou versoek(e) agter op die bladsy en deel dit met ons.